

Donderdag 9 Februarie

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11

Fokusgedeelte: Romeine 5:5

Gedoop met die Gees

- Jou lewe lyk so donker ...
- Jy word bang vir die toekoms ...
- Jy is vol bekommernis ...

Watter hoop is daar nog vir jou?

God se Woord gee ons hier die wonderlike versekering: "... die hoop beskaam nie ..." Dit is waarvan die Heilige Gees ons telkens weer verseker. Met Pinkster is ons met die Heilige Gees gedoop. Hy woon nou in ons, gee aan ons geloof, en versterk en vertroos ons. Dit is die begin van ons nuwe lewe:

- Ons het nou vrye toegang tot God, omdat die Gees ons verseker dat Christus ons van ons sondeskuld vrygekoop het.
- Die Gees troos ons dat ons nou aan God behoort.
- Die Gees versterk ons met nuwe krag om met God te lewe.

Waar die gelowige is, is God ook en vul die Gees ons harte met God se liefde in Christus Jesus.

Ons het deur die Gees die sekerheid dat God vir ons omgee. Dit beteken dat ons moedeloosheid oorgaan in doelgerigtheid in ons lewe, want ons kan met sekerheid hoop op dit wat God beloof het. So seker en groot as wat sy liefde was toe Jesus vir ons gesterf het, so is dit ook vandag en in die toekoms.

- Hierdie liefde dra jou deur al die swaarkry en donkerhede.
- Hierdie liefde verander jou lewe sodat ander dit ook by jou waarneem.
- Hierdie liefde laat jou werk en volhard.
- Hierdie liefde bind gelowiges as liefdesgemeenskap aan mekaar vas, en wys Christus aan die wêreld.

Jy is met die Heilige Gees gedoop. Hy is met jou. Kan ander dit in jou lewe sien?

Sing: Psalm 124:1, 4 (1936)

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)